Die Predikant as Geestelike Begeleier en sy/haar Spiritualiteit

Die impak van Gideon van Dam

Bogenoemde is meer as net ŉ opskrif vir ŉ artikel. Dit het ’n geestelike gebeurtenis geword wat op 1 en 2 Augustus plaasgevind het. Die impak van die kursus was goed, inspirerend, blywend. Die kursus sou op drie plekke in Namibië en twee in Suid-Afrika aangebied word met die hoop dat daar momentum vir hierdie saak opgebou kan word. Die momentum is helaas wreed deur ŉ frats motorongeluk onderbreek. Baie vreemd én seer met Mike van Tonder oorlede en Gideon van Dam ernstig beseer – sodanig dat sy herstel nog lank sal duur.

Jan Bisschoff

Die kursus het beklemtoon dat die spiritualiteit van elke predikant baie belangrik is. Die spiritualiteit van die pastor en sy/haar taak as geestelike begeleier is nou met mekaar verweef. Die een voed die ander en die een loop uit op die ander. Elke predikant moet voortdurend bewus bly van die risiko om net beroepshalwe en professioneel met die Woord van God om te gaan. Daarom is aandag aan sy/haar spiritualiteit baie belangrik.

Van Dam het die volgende 4 sake voorgestel waardeur die predikant sy spiritualiteit in stand kan hou:

1. Bewandel self voortdurend ’n weg van geestelike begeleiding waar jy nadink oor jou ervaring van God se teenwoordigheid in jou lewe en waarheen Hy met jou op pad is. Laat ook ’n medereisiger toe om jou geestelik te begelei.
2. Aanvaar die verantwoordelikheid om ander geestelik te begelei. Dit is ’n soort geestelike leierskap wat nie gerig is op probleme en probleemoplossing nie, maar om God se teenwoordigheid in ’n ander raak te sien en die ander aan te moedig om bewus te wees dat God met die persoon op weg is. Dit vra van predikante om te groei in geestelike leierskap.
3. Neem verantwoordelikheid vir ’n kollega. Ongelukkig het baie predikante geen ervaring van begeleiding deur ’n medegelowige of medepredikant nie. Loop saam met ’n kollega en deel jou geestelike binneste met die persoon. Gebruik ook die geleentheid om krities te reflekteer oor die pad waarop die Here julle neem.
4. Soek innerlike binding met die geloofsgemeenskap waarvan jy deel is en waarin die Here jou geroep het om te dien. Innerlike binding is om jou roeping en rol as pastor uit te leef – en veral hierdie medegelowiges raak te sien as medereisigers waardeur God jou wil seën en vir wie jy tot seën kan wees.

Omdat ons in ŉ tradisie leef waar ons geleer het en ingeoefen is om die Woord rasioneel te hanteer, is dit noodsaaklik dat ons ook aan die ander momente van omgang met die Woord

aandag gee. Die bekende *Lectio Divina* is hier van groot hulp. Dit behels naas 'n moment van voorbereiding die volgende vier sake:

1. LECTIO – die hardop lees van die Woord (verkieslik twee keer).
2. MEDITATIO – om vrae soos "Wat in die teks trek jou aandag en waarom?" te bepeins.
3. ORATIO – om dit wat jou tref in woorde van die hart vir God in gebed te sê.
4. CONTEMPLATIO – om in stilte te sit. Laat die wete dat God jou dra, jou vul.

Vanuit hierdie bewuswees van God in sy eie lewe is die predikant meer sensitief vir sy reisgenote se omgang met die Here. Geestelike begeleiding is dan om as medegelowige God se teenwoordigheid in die reisgenoot te erken en saam te luister na waarheen Hy met die persoon op weg is. Dit hou dan ook in dat die geestelike begeleier vertel wat hy/sy hoor – alleen as die reisgenoot daarom vra!

Die beoefening van geestelike begeleiding vereis dat die begeleier ingeoefen moet wees. Die praktyk van geestelike begeleiding is 'n fyn kuns wat doelbewus aangeleer en ontwikkel moet word. Dis nie maar tref en trap nie. Die praktiese oefeninge wat met die kursus aangebied is, bevestig dit.

Naas die lees van literatuur, die eie maak van die onderliggende beginsels en inoefening, het niks meer waarde as om self begelei te word deur 'n geestelike begeleier nie.

Die volgende praktiese sake kan oorweeg word wanneer die predikant iemand geestelik begelei:

1. Persoonlike gebed vir die persoon wat jy begelei. Dit is om ruimte te skep vir die persoon voor God en in jou eie lewe.
2. Neem tyd om innerlik leeg te word – dis om jou innerlike huis leeg te maak sodat jy 'n ander kan ontvang. Gewoon beteken dit om te fokus op wat nou gaan gebeur wanneer die persoon wat jy begelei, by jou kom sit.
3. Beoefen soberheid en stilte. 'n Begeleier hoef nie baie te praat nie. Net wanneer dit nodig is, kan kort insette gegee word. Dit is voldoende. Moenie bang wees vir stilte nie – dit word kosbare momente van nadenke en fokus op die Here.
4. Werk die *Lectio Divina* van die dag en die afgelope tyd deur in die gesprekke. Dit is verbasend hoe die Here 'n mens voorberei vir jou gespreksgenoot. Die integrering van die *Lectio Divina* word dan iets waarmee God se weg prakties bewandel word.

In hierdie *Seisoen van Luister* in die NG Kerk bied geestelike begeleiding, gevoed deur 'n gesonde spiritualiteit (piëteit, vroomheid), unieke geleenthede om vir medegelowiges 'n oor te word wat saam luister na wat God besig is om te doen.